

7

Só maak gelowiges Die groot opdrag

ONS DOELWIT

Die jongmense moet ervaar dat hulle ook die groot opdrag ontvang het, en hulle moet weet hoe hulle elkeen daarop moet reageer.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- wat hul opdrag in Matteus 28: 16-20 behels deur deeglik Bybelstudie daarvoor te doen;
- wat die werkwoorde *gaan, maak dissipels, doop, leer* en *onthou* vir hulle behels;
- dat hierdie opdrag elke dag vir hulle ook geld tot by die wederkoms van Jesus Christus;
- dat hierdie opdrag van Jesus aan elke gemeente se bedieningsplan inhoud gee; en
- wat hul gemeente se bedieningsplan is.

Gesindheid

Die jongmense moet bereid wees om Matteus 28: 16-20 prakties te gaan uitleef.

Vaardigheid

Die jongmense moet begelei word om op verskillende maniere dissipels te wees en dissipels te gaan maak binne hul vermoë en in hul omstandighede.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

In die Bybel word in Matteus 28: 18-20, Markus 16: 15-16, Lukas 24: 45-49 en Handeling 1: 8 vertel dat Jesus vir 'n laaste keer aan sy dissipels verskyn het voordat Hy terug is hemel toe. Tydens hierdie ontmoeting het Jesus aan sy dissipels 'n opdrag gegee waarmee hulle en gelowiges ná hulle besig moet wees totdat Hy met sy wederkoms terugkeer. Hierdie opdrag is vandag nog vir die kerk van Jesus uiters belangrik, en daarom noem ons dit die *groot opdrag*.

Die groot opdrag van Jesus

Hierdie opdrag van Jesus vind ons in Matteus 28: 18-20, Markus 16: 15-16, Lukas 24: 45-49

en Handeling 1: 8. In Matteus 28 verduidelik Jesus hierdie opdrag deur van vyf belangrike werkwoorde of doendinge te praat. Hierdie werkwoorde moet die lewenswyse word van alle gelowiges. Dit is die manier waarop ons almal die goeie nuus oor die koninkryk van God moet gaan uitdra na die hele wêreld. Jesus het vir die dissipels 'n plan gegee waarmee hulle die nuwe verhouding tussen God en sy kinders aan die wêreld kan gaan verkondig. Kom ons kyk na die verskillende werkwoorde en wat dit beteken.

Die groot opdrag is vandag vir die kerk van Christus nog net so uiters belangrik as destyds. Daarom moet hierdie vyf werkwoorde vandag nog steeds vorm gee aan die bediening van alle Christelike gemeentes: **Gaan... maak dissipels... doop hulle... leer hulle...**

Gaan na alle nasies...

In die eerste werkwoord hoor ons hoe Jesus die dissipels uitstuur vir 'n baie belangrike taak. Hulle moes *gaan*... Die boodskap oor die koninkryk van God kan nie stilstaan by die hemelvaart van Jesus nie. Die dissipels moes met die boodskap van Jesus en oor Jesus na alle nasies toe gaan. Hulle moes in Jerusalem begin en van daar af ook verder en verder tot in die verste plekke van die aarde. Jesus het met die woord *gaan* bedoel dat kinders van die Here altyd in beweging moet wees na die wêreld wat nog nie in Jesus Christus glo nie. Jesus stuur die dissipels ook nie net na die Jode toe nie. Hy stuur hulle na alle volke en nasies wat in daardie tyd bestaan het en alle ander wat later sou ontstaan.

Die kerk van Christus kan so maklik ophou beweeg, en gevolglik stagneer, deur net met dinge in hul eie gemeente te doen te hê. Gelowiges moet altyd onthou dat Jesus ons stuur na die wêreld toe om te gaan getuig van die genade en liefde van God, daar waar die wêreld leef en woon.

Maak dissipels...

Elkeen van die dissipels van Jesus het geweet watter voorreg dit is om Hom te volg en by Hom te leer en te sien hoe Hy genees, uit die dood opwek en mense se lewens verander. Jesus het elkeen van hulle uitgekies om by Hom te leer hoe die koninkryk van God werk en wat naasteliefde en liefde vir God werklik beteken. Jesus vra dat hulle wat dissipels is, ook ander mense agter Hom aan op die pad van volgelingskap sal bring. Wanneer hulle oor sy lewe, dood en opstanding getuig, verkondig hulle hoop en ewige lewe aan mense wat smag na verlossing van sonde en 'n verhouding met God.

Om dissipels te maak, hou baie meer in as om mense, wat kerk toe kom, te laat geloofsbelydenis aflê. Ons hoef ook nie altyd na buurlande en ander wêrelddele te reis om dissipels van Jesus te wees nie. Dissipelskap beteken om in ons eie omgewing met mense kontak te maak en te begin om hulle met liefde te dien – so gaan die deure oop om te **getuig** oor ons **oortuiging**.

Doop hulle...

Jesus het die doop ingestel as teken daarvan dat God sy kinders in genade aanneem, al het hulle 'n sondige natuur en agtergrond. Die doop vier die voorreg om deur God verlos te wees en vrygespreek te wees van die straf vir sonde. Gelowiges is nie meer slawe nie, maar kinders van 'n liefdevolle Vader. Die dissipels kry opdrag om alle mense wat tot geloof in Jesus Christus kom, te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Met só 'n doop word dit sigbaar dat God in sy volle Godwees in die lewens van sy kinders werk en optree. Hy sorg vir hulle as Vader, Hy skenk vergifnis en genade deur die kruis van Jesus, en Hy is elke oomblik in hul lewens teenwoordig as Leidsman en Trooster.

Die doop is die teken, die vaste bewys, dat mense deel gemaak is van die Jesus-beweging en dat hulle nuwe lewens en nuwe name gekry het – dissipels van Jesus Christus.

Leer hulle...

Om mense te leer wat Jesus geleer het, is deel van die proses om dissipels te maak. Jesus het tydens sy aardse optrede baie gepreek, gelykenisse vertel, gesprekke gevoer met die Fariseërs en sondears, antwoorde gegee op moeilike vrae, en gepraat oor die koninkryk van God. Hy het ook verduidelik wat liefde vir God en liefde vir jou naaste beteken. Die dissipels moes toesien dat volgende dissipels weet wat Jesus geleer het en wat God van sy kinders verwag. Hulle moes toesien dat Jesus se woorde, verduidelikings en leringe deur sy volgelinge gehoor en geleef word.

Vandag het gelowiges die voorreg om Bybels te mag hê. Daarin leer ons wat Jesus gedoen het, hoe Hy geleer het, wat Hy gepreek het, en wat Hy verduidelik het oor die koninkryk van God.

Onthou...

Die dissipels was getuies van die grootste gebeurtenisse in die geskiedenis van die wêreld. Hulle het gesien en beleef hoe Jesus gesterf het, uit die dood opgestaan het en weer sy plek gaan inneem het aan die regterhand van sy Vader. Jesus vertrou en verseker hulle dat sy hemelvaart nie vir hulle 'n afskeidsoomblik moet wees nie. Al is Hy na sy Vader se koninkryk toe, is Hy juis nou nog nader aan hulle, want Hy is God en daarom alomteenwoordig, en deur die Heilige Gees ook nog persoonlik by almal. Die belofte sal altyd bly staan – Jesus Christus is in elke nuwe toekomstoblik teenwoordig, elke dag, tot wanneer Hy weer kom.

Die kerk van Christus is vandag nog 'n vierende gemeenskap. Ons vier gereeld die kerklike jaar, Kersfees, Goeie Vrydag, Paassondag, Hemelvaart, Pinkster... Ons vier fees in ons erediens, by die Nagmaal en by ander saamweesgeleenthede. So onthou ons saam wie Jesus is en dat Hy by ons is, gister, vandag en in die toekoms!

Die Heilige Gees en die groot opdrag

In Lukas 24 lees ons dat Jesus sy dissipels belowe dat Hy die Heilige Gees na hulle sal stuur. Die Heilige Gees gee hulle leiding, leer hulle, maak hulle bekwaam om hierdie besondere opdrag namens Hom te gaan uitvoer. Handeling 2: 1-13 vertel van hierdie groot oomblik. Die Heilige Gees maak mense gewillig en bekwaam en gee aan hulle die gawes wat hulle nodig het om te gaan, om dissipels te maak, om te doop, om te leer, en om te onthou.

Dieselfde Heilige Gees werk kragtig in ons lewens. Ons ontvang gawes van die Gees wat ons in die liggaam van Christus laat inpas, sodat ons aktief kan deelneem aan die beweging wat aanhou getuig van God se liefde en genade.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- 'n Bybel.
- 'n Paar eksemplare van die gemeente se bedieningsplan soos vooraf gereël met die skriba.
- Reël vooraf met een van die jongmense om te open met gebed.

BELANGRIK

- Dit is noodsaaklik dat daar deeglik voorberei word vir hierdie aanbieding, anders gaan dit misluk.
- Indien jou gemeente nie 'n bedieningsplan het nie, vra die ringskriba om een te voorsien.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

KOM ONS BEGIN

Lees die woorde van FLAM-lied 23 en laat die een met wie gereël is, 'n gebed doen.

*Prys die Here uit die hemele;
prys die Here alle engele;
prys Hom son en maan,
prys Hom alle sterre!
Prys die Here en sy grote Naam!*

*Prys die Here van die aarde af,
uit die see en van die berge af.
Prys Hom bome, diere, plante en riviere.
Prys die Here en sy grote Naam!*

*Prys die Here alle volke saam;
mans en vroue, prys die Heer se Naam.
Prys Hom konings, vorste, oud en jonk tesame.
Prys die Here en sy grote Naam!*

*U's my Here en ek prys u Naam;
U's verhewe, hoor my loflied aan.
Heer, u majesteit strek oor aard' en hemel;
U's my Here, en ek prys u Naam!
U's my Here, en ek prys u Naam!*

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

Verneem wat hulle by www.nhka.org gesien het.

Kontroleer of hulle die volgende Bybelstudie tuis gaan doen en die opdragte uitgevoer het:

1 Konings 18: 25-29 en 36-37

Vergelyk die gebed van die profete van Baäl met dié van Elia, die profeet van die Here.

- Wat is die verskil in die manier van praat? (*Die afgodsprofete moes roep, noem dit maar skreeu, terwyl Elia rustig en kalm met die Here gepraat het.*)
- Wat kom jy agter met betrekking tot die hoeveelheid mense wat gebid het en die lengte en die herhaling van die Baälprofete se gebed en Elia s'n? (*Die Baälprofete het geroep en geroep van die môre tot die aand. Elia het kort en kragtig, rustig en nederig met die Here gepraat.*)

- Beskryf kortliks hoe jy die *Baälprofete* en *Elia* voor jou geestesoog sien. (Enige beskrywing soos: *Die Baälprofete het gedans en hulself stukkend gesny en te kere gegaan en oor en oor en oor gebid. Elia het nederig, kort en kragtig die Here aangeroep, sonder enige vertoon.*)
- Wat sê hierdie gebeure vir jou oor oproepe dat soveel mense moontlik op 'n vasgestelde tyd moet bid vir 'n sekere saak? (*Dit kan die gedagte laat ontstaan dat 'n mens God kan beïndruk of sy arm kan draai met die hoeveelheid mense en sy aandag op 'n sekere tyd kan trek. Dit is 'n "geestelike massaoptog" en "geestelike manipulasie".*)

Lukas 22: 41-42

Watter ooreenkoms kry jy hier met die Ons Vader-gebed? (*God se wil wat moet geskied.*)

Laat 'n paar van hulle voorbeelde gee van **ander gebede** wat hulle **in die Bybel** gekry het.

- 1 Konings 8: 22 en verder: Gebed van Salomo.
- Psalm 90: Gebed van Moses.
- Psalm 17: Gebed van Dawid.

Laat 'n paar van hulle vertel hoe verlede week se aanbidding hul gebedslewe opgeskerp het.

Laat dié wat wil, vertel of hulle –

- by 'n gebedsgroep ingeskakel het;
- met hul ouers oor die belang van gebed gesels het; of
- 'n geleentheid geskep het waar hul gesin saam stiltetyd kon hou en saam kon bid.

Kontroleer of hulle die Ons Vader-gebed gaan leer het.

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

Indien omstandighede dit toelaat, verdeel in groepe – drie of vier in 'n groep.

Laat hulle hierdie vrae bespreek, eers in die kleiner groepe en dan in die groter groep.

- Kan julle van die gelykenisse onthou wat Jesus vertel het? Noem 'n paar.
- Kan julle van die wonderwerke onthou wat Jesus gedoen het? Noem 'n paar.
- Hoekom dink julle is Jesus se woorde vir ons so belangrik?
- Wanneer dink julle word 'n mens 'n dissipel van Jesus?
- Wat dink julle is die taak of die werk van die kerk?

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Verdeel weer in groepe as dit moontlik is – drie of vier in 'n groep.

Laat hulle hul Bybels oopmaak by Matteus 28: 16-20 en Bybelstudie doen aan die hand van die volgende vrae en opdrag:

- Hoekom was daar net 11 dissipels wat Jesus op die berg ontmoet het (vers 16)? (*Judas, wat Iskariot genoem was en Jesus verraai het, het toe reeds selfmoord gepleeg.*)

- Hoekom dink julle het party van die dissipels getwyfel toe hulle Jesus sien (vers 17)? *(Verskeie antwoorde is moontlik, onder andere dat Jesus Hom toe nog nie na sy opstanding aan hulle bekend gemaak het nie; niemand het nog ooit self uit die dood opgestaan nie; dit is menslik om te twyfel; ook dat vroue se getuienis in daardie tyd nie geloofwaardig was nie; ensovoorts.)*
- Skryf die vyf belangrike werkwoorde of aksies in die opdrag van Jesus aan die dissipels hieronder neer (verse 19 en 20). Skryf neer wat julle dink hierdie werkwoorde beteken, met ander woorde, *wat moet 'n dissipel van Jesus doen?*

Werkwoord/aksie	Wat bedoel Jesus hiermee?
<ul style="list-style-type: none"> • Gaan 	<i>Jesus stuur sy dissipels om te getuig. Nie net in hul stad nie maar verder. Hy lê klem op die beweging. Hulle moet die blye boodskap oral versprei.</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Maak dissipels 	<i>Dissipels bring ander op die pad van volgelingskap – dissipels maak dissipels. Dissipels leer ander hoe om Jesus te volg. Dissipels getuig oor en bely Jesus se genade en liefde en verlossing. Dissipels maak kontak met ander mense en dien hulle met die liefde van die Here.</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Doop hulle 	<i>Jesus stel die doop in as teken van 'n nuwe verhouding met God. Doop is die teken van dissipelskap. Doop is die viering van die verlossing wat Jesus Christus gebring het. Doop is die sigbare fees van God se genade.</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Leer hulle 	<i>Dissipels leer ander wat Jesus geleer het. Dissipels is gehoorsaam aan Jesus. Dissipels bou hul lewe op die fondament van Jesus se woorde en opdrag. Dissipels leer ander om na Jesus se stem te soek.</i>
<ul style="list-style-type: none"> • Onthou 	<i>Die dissipels moet mekaar herinner dat Jesus altyd by hulle is. Die gelowiges kan fees vier, want Jesus kom weer terug net soos Hy gegaan het. Die gelowiges is 'n vierende gemeenskap wat onthou dat Jesus is en was en weer kom.</i>

- Laat hulle terugkom in die groot groep en hul antwoorde bepreek.
- Lei hulle om by die antwoorde hierbo uit te kom.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en plaas klem op die volgende om die saak by hulle in te skerp.

Die groot opdrag van Jesus

Toe Jesus die laaste keer aan sy dissipels verskyn het voordat Hy terug is hemel toe, het Hy

aan sy dissipels 'n opdrag gegee waarmee hulle en gelowiges ná hulle besig moet wees totdat Hy met sy wederkoms terugkeer. Hierdie opdrag is vandag nog vir die kerk van Jesus uiters belangrik, en daarom noem ons dit die *groot opdrag*.

In Matteus 28 verduidelik Jesus hierdie opdrag deur van vyf belangrike werkwoorde of doendinge te praat. Hierdie werkwoorde moet die lewenswyse word van alle gelowiges. Dit is die manier waarop ons almal vandag nog die goeie nuus oor die koninkryk van God moet gaan uitdra na die hele wêreld. Hierdie werkwoorde is: **Gaan... maak dissipels... doop hulle... leer hulle...**

Gaan na alle nasies...

Jesus het met hierdie woord bedoel dat **ons**, die gelowiges, die kerk, **altyd in beweging moet wees** na die wêreld wat nog nie in Jesus Christus glo nie. Jesus stuur die dissipels ook nie net na die Jode toe nie, maar **na alle volke en nasies** wat in daardie tyd bestaan het en die ander wat later ontstaan het.

Die kerk van Christus kan so maklik ophou beweeg en stagneer deur net met die gebou en die lidmate te doen te hê. Gelowiges moet altyd onthou dat Jesus ons stuur na die wêreld toe om te gaan getuig van die genade en liefde van God, daar waar die wêreld leef en woon.

Maak dissipels...

Jesus vra dat hulle wat dissipels is, **ook ander mense agter Hom aan** op die pad van volgelingskap sal bring. Wanneer hulle oor sy lewe, dood en opstanding getuig, verkondig hulle hoop en ewige lewe aan mense wat smag na verlossing van sonde en 'n verhouding met God.

Om dissipels te maak, hou baie meer in as om mense, wat kerk toe kom, te laat geloofsbelydenis aflê. Dissipelskap beteken om in ons omgewing te begin om met mense kontak te maak en hulle met liefde te dien – so gaan die deure oop om te getuig oor ons oortuiging.

Doop hulle...

Jesus het **die doop** ingestel as **teken** daarvan dat God sy kinders in genade aanneem, al het hulle 'n sondige natuur. Die doop vier die voorreg om deur God verlos te wees van Satan en vrygespreek te wees van die straf vir ons sonde. Die doop is die teken dat mense deel gemaak is van die Jesus-beweging en dat hulle nuwe lewens en nuwe name gekry het – *dissipels van Jesus Christus*.

Leer hulle...

Die dissipels moes toesien dat die dissipels wat hulle gemaak het, weet **wat Jesus geleer het en wat God van sy kinders verwag**. Hulle moes toesien dat Jesus se woorde, verduidelikings en leringe deur sy volgelinge gehoor en geleef word. Hulle moes verduidelik wat liefde vir God en liefde vir jou naaste beteken.

Vandag het gelowiges die voorreg om Bybels te mag hê. Daarin leer ons wat Jesus gedoen het, hoe Hy geleer het, wat Hy gepreek het en wat Hy verduidelik het oor die koninkryk van God.

Onthou...

Die dissipels het gewonder wat van hulle gaan word noudat Jesus weggaan. Jesus *belowe* hulle dat sy hemelvaart nie vir hulle 'n afskeidsoomblik gaan wees nie. Al gaan Hy na sy Vader se koninkryk toe, is Hy altyd by hulle, want Hy is God en daarom **alomteenwoordig** – en die

Heilige Gees kom ook persoonlik by hulle bly. Hulle moet onthou die *belofte* sal altyd bly staan – Jesus Christus is in elke nuwe toekoms teenwoordig, elke dag, tot wanneer Hy weer kom.

Die kerk van Christus is vandag nog 'n vierende gemeenskap. Ons vier gereeld die kerklike jaar, Kersfees, Goeie Vrydag, Paassondag, Hemelvaart, Pinkster. Ons vier fees in ons erediens, by die Nagmaal en by ander saamweesgeleenthede. So onthou ons saam wie Jesus is en dat Hy by ons is, gister, vandag en in die toekoms!

Die Heilige Gees en die groot opdrag

Die Heilige Gees maak mense gewillig en bekwaam en gee aan hulle die gawes wat hulle nodig het om te gaan, om dissipels te maak, om te doop, om te leer, en om te onthou.

Dieselfde Heilige Gees werk kragtig in ons lewens. Ons ontvang gawes van die Gees wat ons in die liggaam van Christus laat inpas, sodat ons aktief kan deelneem aan die beweging wat aanhou getuig van God se liefde en genade.

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

Kom ons help die Alfa-gemeente om dissipels van Jesus te wees!



Ontmoet die Alfa-gemeente, 'n nuwe gemeente met ongeveer 300 lidmate in 'n plattelandse dorp. Hul gemeenskap bestaan uit plaasboere, dorpsmense, 'n tydelike woongebied met talle werklose mense, 'n groot vakansieoord, 'n ouetehuis, 'n hospitaal en drie skole. 'n Onlangse sensus het getoon dat 25% van die omgewing se mense Christene is. Die vakansieoord word ook jaarliks deur duisende mense van oral oor die land besoek.

Hierbo word 'n denkbeeldige gemeente voorgestel, die Alfa-gemeente.

- Verdeel weer in groepe as dit moontlik is – drie of vier in 'n groep.
- Laat hulle saam vir ongeveer 15 minute as groep die volgende sake bespreek en hul gedagtes in hul boeke neerskryf.
- Indien hulle nie klaarkry nie, kan hulle tuis saam met hul ouers daaraan gaan werk.
 - Dink saam aan praktiese maniere hoe die Alfa-gemeente in hul omgewing uitvoering kan gee aan die *groot opdrag* van Jesus.
 - Gebruik jul gemeente of die ringsgemeente se bedieningsplan as 'n raamwerk vir jul idees.



- Lei die groepe om baie prakties te wees in hul idees. Onthou, die idee is om die hele gemeente by die groot opdrag te betrek.

Alfa-gemeente se bedieningsplan

Die volgende is moontlike sake wat in 'n bedieningsplan aan die orde kan kom:

Erediens en prediking

- Hou elke Sondag en op Christelike vakansiedae eredienste.
- In die prediking word lidmate opgeroep om geestelik en materieel uit te reik na almal in die gemeente en in die gemeenskap.
- Lidmate word opgeroep om mense wat nie dissipels van Jesus Christus is nie, in die gemeente

“in te kuier” – saambring eredienste toe, sosiale geleentheid toe, saam kuier, ensovoorts.

- Hou een keer per maand 'n kindervriendelike erediens.
- Hou elke tweede Sondag gedurende die skoolkwartaal kinderkerk.
- Roep 'n eredienswerkgroep in die lewe met kinders, jongmense, ouers, bejaardes, kerkraadslede, ensovoorts.
- Roep 'n preekwerkgroep in die lewe met kinders, jongmense, ouers, bejaardes, kerkraadslede, ensovoorts.
- Elke werkgroep vergader maandeliks om te beplan, te bestuur en te kontroleer.
- Alle hulpmiddels wat die sinvolheid van die erediens kan bevorder, word ingespan.
- Ensovoorts.

Toerusting en verryking

- Ouderlinge en diakens word by elke vergadering oor een of meer fasette van hul dissipelskap toegerus en verryk.
- Aanbieders van kategese word een keer per jaar toegerus.
- Werkgroepe word minstens elke ses maande toegerus en verryk.
- Bybelstudie word in die gemeente en by die ouetehuis gehou.
- In alle toerusting word lidmate opgeroep om geestelik en materieel uit te reik na almal in die gemeente en in die gemeenskap.

Kommunikasie en organisasie

- 'n Funksionele kommunikasiekanaal vir alle lidmate word geskep, byvoorbeeld met Winkerk.
- Sosiale netwerke word maksimaal benut met lidmate, groepe, ensovoorts.
- 'n Organisasiestelsel word op alle vlakke in die gemeente gevestig met die gesonde besigheidsbeginsel van beplanning, bestuur en kontrole.
- Ensovoorts.

Uitdra van die Woord van God

- Gereelde huisbesoek word by alle lidmate gedoen, en veral by lidmate wat besondere probleme beleef.
- Kategese word elke Sondag gedurende die skoolkwartaal gehou.
- Kerkraads-, doop- en huwelikskategese word gehou wanneer nodig.
- Roep 'n werkgroep vir die jeug van verskillende ouderdomme in die lewe.
- Hou een keer per maand 'n informele missionale erediens by die vakansieoord.
- Hou in samewerking met ander kerke eredienste by die ouetehuis.
- Bied met toestemming van die beheerliggaam Bybelklasse of Bybelstudie by die skole aan.
- Roep 'n hospitaalwerkgroep in die lewe en doen hospitaalbesoek.
- Roep 'n evangelisasiewerkgroep in die lewe om in die omgewing dissipels vir Jesus Christus te gaan maak.
- Bied een keer per week Bybelstudie aan.
- In al die verkondigingsgestaltes word lidmate opgeroep om geestelik en materieel uit te reik na almal in die gemeente en in die gemeenskap.

Kleingroepe en wyke

- Elke wyk word een keer per jaar in groepverband besoek.
- Kleingroepe word in die lewe geroep om sosiale en toerustingsgeleentheid te inisieer en te reël vir verskillende ouderdomsgroepe en/of belangegroepe.

Hulpverlening en barmhartigheid

- Roep 'n werkgroep in die lewe vir dienslewering by die ouetehuis.
- 'n Werkgroep met professionele lidmate word in die lewe geroep om lidmate wat besondere probleme beleef, te bedien.
- Roep 'n barmhartigheidswerkgroep in die lewe om behoeftes in die gemeente, dorp en landwyd te hanteer.

Geestelike versorging

- 'n Ouderling en 'n diaken word afgesonder om lidmate wat spesifieke geestelike probleme ervaar, te gaan bedien.

Bestuur van finansies en geboue

- 'n Finansiële en advieskommissie word uit kundiges saamgestel om die gemeente finansiël te bestuur.
- 'n Werkgroep word saamgestel om fondsinsamelings te inisieer en te bestuur.
- 'n Instandhoudingswerkgroep word in die lewe geroep om maandeliks alle gemeentelike geboue te inspekteer en herstel- en opgraderingswerk te doen.

Kom weer in die groot groep saam en laat hulle terugvoer gee oor hul idees. Bespreek mekaar se idees en hoe dit 'n verskil sal maak in die Alfa-gemeente se omgewing.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle gaan dink hoe hulle as dissipels van Jesus Christus in hul eie lewens kan deelneem aan die groot opdrag.
- Laat hulle gaan neerskryf hoe hulle daagliks of weekliks op die volgende terreine dissipels van Jesus kan wees.

	By die skool	By die huis/in die gesin	Tussen vriende/familie
Getuig (vertel) wat jy van Jesus Christus weet			
Deur verkeerde oortuigings en gedrag te konfronteer			
Deur 'n voorbeeld te wees van iemand wat in alles die Christelike weg kies			
Deur altyd na 'n geleentheid te soek om in liefde op te tree – deur te gee, te dien, te help, en jouself tweede te stel			

- Laat hulle saam met hul ouers hul bedieningsplanne vir die Alfa-gemeente gaan afrond.
- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk of daar bykomende inligting vir hierdie aanbieding is.

HULLE KRY HULSELF PARAAT

Laat hulle die volgende gaan leer en hul eie maak vir hul dissipelskap:

Ek het ook die groot opdrag ontvang om –

- te gaan, in beweging te bly en te getuig van die genade en liefde van God.
- ander mense agter Jesus aan dissipels van Hom te maak.
- mense te laat doop en om die mense wat gedoop is, te laat beseef dat hulle verlos is van Satan en vrygespreek is van sonde.
- dissipels van Jesus te leer wat God van sy kinders verwag – hulle moet glo in sy liefde.
- te onthou dat Jesus belowe het om altyd by ons te bly en dat sy belofte altyd sal bly bestaan.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.